

**Skriflesing:** Lukas 1:26-38;

Heidelbergse Kategismus- **Sondag 14**

Teks: Lukas 1:35

**Sing- SAMESANG- Ps.51:1,6**

**TYDENS EREDIENS- Ps.145:1,3; Ps.32:1; Ps.131:2,3**

Ons het vanaf Sondag 11 tot Sondag 13 groot dinge van Jesus Christus gesê. Broeder en suster, dit het gegaan oor die name waarmee ons hierdie Middelaar en Verlosser mag aanroep. Groot name, elke naam is heilig, om hierdie Name aan te roep is om God aan te roep. Jesus Christus is God, Hy is die Eniggebore Seun van God, Hy is ons Here. Terwyl hierdie Name ons in hulle heerlijkheid en heiligheid bybly, is dit asof Sondag 14 vir jou en my aan die hand gryp en ons word getrek na 'n nederige kind, 'n babatjie, na 'n nederige plek, 'n stal, na 'n bed so nederig dat hierdie bed is ook die voerplek van diere- van die grootheid van God word ons gebring na 'n krip in 'n stal.

Dit is Sondag 14 waaruit ons vandag besef dat hierdie **ewige en waaragtige God deur die werking van die Heilige Gees 'n eg menslike natuur deur die vlees en bloed van Maria aangeneem het.** Hierdie Seun van God word waarlik mens...dit is waarmee Sondag 14 in hoofsaak besig is. Dit het alles met Christus se vernedering te make.

In die volgende drie Sondae word Christus se vernedering trap vir trap afgeneem. Die vyf trappe van vernedering is sy geboorte, sy lyde, sy sterwe, sy begrafnis, die neerdaling na die hel. Hierdie is die eerste lyn in die lewe van Christus op aarde. 'n Neerdalende lyn, die lyn wat op die diepste smaad en vernedering wys. Van begin tot einde het die vernedering net toegeneem en toegeneem. Wanneer oor die geboorte van Christus gepraat word dan praat ons oor sy vleeswording, Hy die Woord van God het mens geword. Hy wat altyd God was en nog altyd God sal wees, Hy word soos een van ons. Met ons nietige verstand het ons hier te doen met 'n verborgenheid wat groot is. Die verborgenheid van die godsaligheid is altyd groot. Gebore uit 'n vrou, 'n mens van hierdie aarde. Maar Hy kom uit die hemel.

Sy geboorte was nie maar 'n gewone geboorte nie. Hy word uit 'n maagd gebore sonder dat sy met enige man geslagsgemeenskap gehad het. Haar bevrugting was van die Heilige Gees. Die wil van 'n mens het in Jesus se geboorte geen rol gespeel nie. Dit is

wat ons gelees het- presies so is daar vir Maria gesê- *Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal ook die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.* Sy geboorte is baie duidelik nie maar net 'n normale geboorte nie. Sy geboorte was om die menslike natuur AAN TE NEEM. Met opset gebruik ons belydenis nie die woord VERANDER nie. Jesus het met sy geboorte nie van 'n goddelike in 'n menslike wese verander nie, maar by sy goddelike natuur het Hy ook die menslike natuur aangeneem, sodat Hy nie nou net waarlik mens is nie, maar ook waaragtig God is en bly. In hierdie aanneming was Christus Self aktief betrokke. Hyself wat nog altyd God was neem die menslike natuur aan. Sy goddelike natuur, die feit dat Hy God is, dit was Hy van ewigheid af. Dit is nie iets wat aangeneem kan word nie. Om dit so te stel- Hy het nie God in Maria se skoot geword nie, Hy was dit nog altyd, maar in haar skoot het Hy op hierdie besondere wyse mens geword.

Hy wat gekom het om wat in die ewigheid besluit is 'n werklikheid te maak. Voor Sy koms is alles presies voorberei. Direk na die val van die eerste mensepaar staan ons alreeds by die hart van sy koms- by die hart van die evangelie- dit is wat die moederbelofte sê- Daar het God vir Satan reeds belowe- jou val sal kom- *Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou , en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jý sal Hom in die hakskeen byt...* Hierdie belofte maak dit vir ons baie duidelik wat in sy vrede raad besluit is. Die oomblik toe die mens sondig en die mens geval het toe was dit nie vir God 'n onverwagse en moeilike toestand nie. God is ons altyd in alles voor en Hy is gereed om te doen wat in alle geval reeds vas besluit was. Uit hierdie belofte groei as't ware die ander beloftes. So is hierdie dan die moeder van alle beloftes en word dit ook die moederbelofte genoem. Die tyd en die plek word in alles ineengevleg, hoe gevleuel het Jesaja juis dit alles vir ons kon gee- *Kyk die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem...(Jes.7:14).*

Hierdie vleeswording is letterlik deur geslagte en geslagte heen voorberei. Daardie linie van mense waaruit Christus gebore sou word, geslagte en geslagte terug is dit so bepaal dat die heilige linie nie deur menseswakheid en menseafval gebreek kan word nie. Al breek mense in sonde af, al is daar die jare van swerftog en benouing, van ballingskap en

nogmaals ballingskap, afskeiding, skeuring en splitsing in God se volk nog steeds het die lyn waaruit Christus moes kom nie gebreek nie. Egte mense, in alles sondaarmense, die Here het selfs materiaal uit die heiden wêreld ingevoer, Ragab die hoer, Rut die Moabitiese vrou, nog voor hulle, Tamar by Juda, op die einde Batseba by wie Dawid sy sonde in trane sou besef, sulke sondaars vorm hulle wat die voorgeslagte van hierdie Kind sou wees.

Christus se vleeswording is voorberei te midde van en ten spyte van die grootste vyandskap. Die duiwel sou van die begin af daarop uit wees om die koms van die Middelaar te keer. En nou gebruik ons die woord waar dit regtig op aankom. Hy wat ons Middelaar moet wees. Die feit dat Christus God is, Hy staan ten volle aan die kant van God, Hy is in alles God, maar Hy kom tussen ons en God. Hy staan ook geheel aan ons kant, Hy wat gebore is uit 'n vrou, dit plaas Hom in die middel tussen God en ons. Daarom is Hy waarlik ons Middelaar. Presies staan Hy waar die duiwel Hom wou keer.

So weet ons die aanslag op Wie Christus werklik vir ons is, was nog altyd so fel, so vol woede. In ons tyd het dit nog nooit opgehou nie. Die feit dat Hy uit 'n maagd gebore is, mense maak asof dit belaglik is, onmoontlik is, so asof ons met ons verstand so iets nie kan aanvaar nie. Dit is gewoonlik dieselfde mense wat ook sy liggaamlike opstanding uit die dood ewe min aanvaar. Hulle is egter nie nuut nie.

Hulle is maar so oud soos die Docetisme en die Modernisme wat eeue gelede al begin het om juis Jesus op sy Middelaarskap te probeer onttron. Die Docetisme ontken die realiteit van Christus se menslike geboorte en hulle wil glo dat Christus nie waarlik mens was nie. Dan maar net 'n skynmens. Hy sou dan sy menslike natuur saam met Hom uit die hemel gebring het en Maria het maar net die geboortekanaal verskaf waardeur Hy die wêreld inbeweeg het. Hulle wil nie glo dat Hy eers in haar en deur haar 'n ware menslike natuur aangeneem het nie.

Hierby kan ons ook voeg die dwaling van die Gnostiek. Hulle vind dit onmoontlik dat God werklik ten volle in ons wêreld sou inbeweeg. Daarvoor sê hulle is ons wêreld te

sondig. Die wêreld van God sal dan totaal onversoenbaar staan met ons aardse wêreld. Daarom moet jy as mens ook hierdie sondige bese wêreld so vër moontlik vermy. Die dwaling van die Gnostiek leer dan ook dat Christus se menslike natuur vooraf in die hemel geskape is, heeltemal los en apart van Maria, en dat Christus as mens maar net deur Maria die wêreld ingekom het sonder enige werklike aanraking in haar mens-wees. Hy het maar net deur haar gegaan soos water deur 'n geut sonder dat die Woord werklik vlees geword het. Hierdie dwaling staan ons teë net soos die van die modernisme.

Die modernisme staan weer aan die ander kant. Hulle sien Hom nie waarlik as God nie. Van sy maagdelike geboorte wil hulle niks weet nie, maar is Hy maar soos enige ander kind. Sy aardse vleeslike moeder laat hulle glo Hy is deur geslagsgemeenskap verwek. Volgens hulle moet Hy 'n biologiese aardse vader ook hê.

Beide hierdie kante staan eintlik sy ware Middelaarskap tee. Ons mag nooit Jesus se menslikheid probeer vergoddelik nie en net so min mag ons sy Godheid probeer vermenslik. Hy is ware mens, Hy staan ten volle aan ons kant, maar Hy is ook waarlik God, daarom is Hy ook ten volle aan God se kant. As Hy nie beide was nie, dan sou Hy nie Middelaar kon wees nie. Ons lees uit die Johannes-evangelie baie sterk die goddelike in sy koms- die Woord van God het vlees geword, maar die ander evangeliste laat ons ewe goed verstaan Hy is 'n ware mens, Hy het 'n geslagsregister wat sy menslikheid deur en deur kan bewys. Hoe word sy verwantskap met Dawid geteken, met Abraham, selfs met Adam staan Hy in die linie van mense. Watter pogings daar ook al was om Christus se mensheid en Godheid te wil skei, 'n mens kan nie skei wat God Self saamgevoeg het nie. Ons mag dit ook nie met mekaar wil vermeng nie. So ongeskei soos die nature van Christus is, so onveranderd, so onvermengd bely ons dit ook. Ons doen dit ook in die belydenis van Nicea en van Athanasius.

Noudat dit duidelik is dat Hy ons menslike natuur nie maar net so half-half aangeneem nie, want het Hy in alle opsigte aan ons gelyk geword, uitgesonderd die sonde (Heb.3:17; 4:15). Geen deel van die menslike lewe was vir Hom vreemd nie. Honger, dors,

eensaamheid, dit alles het Hyself ervaar. Daarom kon Hy vir ons 'n volkome Verlosser wees.

Besef u hierdie ontsaglike troos, juis in Jesus se mens-wees. So belangrik moet ons in hierdie belydenis dit vir mekaar sê- Hy het 'n mens geword soos ons, sodat ons mense kan word soos Hy. Die vraag na- **Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?...** Laat ons dit goed besef. Watter geweldige troos is dit vir ons in die eerste Johannes-brief (3:2) maar ook in Filippense 3:20-21, dat wanneer *Christus verskyn ons aan Hom gelyk sal wees*. Dit kan alleen omdat die wonder van Jesaja 43:19 plaasgevind het. Die hele Sondag 14 kan eintlik by Jesaja 43 ingeskryf staan as die Here sê- *Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis...*

Die nuwe begin wat God in die mensheid gemaak het, watter troos om uit hierdie Sondag dit goed te besef die Here het sy skepping nie aan die duiwel prysgegee nie. Die Here het nie sy skepping weggegooi soos wat 'n mens met 'n paar ou skoene maak nie. Die vernedering wat God in Christus begin het, deur Hom mens te laat word, deur die menslike natuur aan te neem, dit is alles God se werk, God wat Satan reeds in die geboorte van sy eie Seun teëstaan. Satan sou hierdie Kindjie reeds vrees, daarom dat die duiwel in Herodes die kindermoord aanvuur. As Maria in daardie stal hierdie kindjie in haar arms neem, Hom in doeke toedraai, Hom in 'n krip neerlê, die heilige sondelose Seun van God, watter wonderlike nuwe begin in die goddelose mensheid.

Oor die krip weet ons hang reeds die skaduwee van die kruis. Die kruis waaraan hierdie Kind sou sterwe, 'n Jongman van 33 jaar, in die lewe van die Man van God, is daar benewens die krip wat leeg was, want Hy het opgegroeï soos 'n mens, Hy het Man geword, maar so leeg soos sy krip is, so leeg is ook sy graf. Die wonder van sy geboorte staan onlosmaaklik ook weer aan die wonder van sy opstanding, nadat Hy werklik dood was. So min soos Hy 'n skyn geboorte gehad het, so min het Hy 'n skyndood gehad. Die feit dat Hy op hierdie oomblikke dat Hy op hierdie oomblikke aan die regterhand van

God is, dat alle dinge aan Hom onderwerp is, moet ons juis die nut van sy menswees besef.

Aan God is in alle geval alle dinge onderwerp, maar aan Jesus is nou alles onderwerp, nie omdat Jesus God is nie, want in alle geval sou na sy Godheid alles aan Hom onderworpe gebly het. Die onderwerping van alles aan Jesus moet ons in besonder in die waarde van sy mensheid besef. Omdat Jesus in sy mensheid en in sy menswees van die wat aan Hom behoort, sulke mense weer na God se ewebeeld kon herstel. God het die mens gemaak om oor sy skepping te heers, maar in ons eerste voorouers het daar so 'n gemors van gekom, maar God sy dank vir die mens Jesus. Hy het hierdie saak in sy mensheid vir die mense wat aan Hom behoort in ere herstel. In hierdie opsig staan Hy dan ook, soos daar ook baie na Christus verwys word, as die Eersteling van baie.

In soverre ons sondaars is, in daardie mate is ons nie mense nie. 'n Ware mens is 'n skepping van God, gemaak na sy Beeld. In die beeld lê die wesentlike wat ons aan God verbind, ons moet deel in die heiligheid van God in Hom wat heilig is. Dit is alleen deur die wedergeboorte moontlik. Daardie werk wat die Heilige Gees alleen kan doen.

Die Heilige Gees wat dit alleen kan doen omdat Jesus Christus mens geword het. Sonder die Seun van God, die Woord van God, die vleesgeworde Woord wil die Heilige Gees nie werk nie. Alleen deur die Gees in Christus kan ons nuwe mense word. As die Kategismus ons vra- **Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?...**dan is dit ons antwoord. Teenoor die sonde waarin ons elkeen ontvang en gebore is, staan die onskuld en volkome heiligheid waarin Christus ontvang en gebore is. Hy wat rein, sondeloos, volkome heilig die wêreld ingekom het Hy alleen kan ons skuld, onheiligheid, ons sonde waarmee ons al by die wortel van ons ontstaan besmet is, bedek.

Die engele wat in die Efrata-velde daardie nag die volkome vrede besing, 'n vrede wat al verder kan gaan, wat oor die hele wêreld besing kan word, was alleen ook moontlik omdat Christus 'n bedekking kan plaas op ons skuld en sonde. Hy wat gebind is sodat ons vry kan wees dink aan die smaad wat Hy gely het sodat ons nie in die skande kom

nie. Hy wat onskuldig ter dood veroordeel is, sodat ons vrygespreek kan word. Dit alles omdat Hy ons bedek. Daardie woordjie wat die Kategismus gebruik dat ek **voor God bedek** is...Selfs die sonde waarin ons ontvang en gebore is, by die bron van alle ongeregtigheid, selfs daar is die bedekking. Dit gaan nie net om ons sondige daade nie, maar Jesus is ons Middelaar in die kleinste begin, waar elkeen as klein babatjie nog steeds in geweldige sonde gebore en so die wêreld inkom. Van begin tot einde mag daar gesing word- *Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is...*(Ps.32:1).

As mense dikwels vra, selfs jongmense, hoe baie van ons jongmense kom in die benoudheid, wat hulle hulself vra- Wat maak ek in hierdie wêreld? Sou dit nie beter wees as ek nie gebore was nie? Wat is die sin van my lewe? Weet u die troos van Sondag 14 is om dan te weet ek moet my lewe aanvaar as 'n lewe, waarin Iemand so groot, wel Kind van Maria, maar Seun van God, ingegaan het. tot in die kleinste begin. Hy wat juis nie as volwasse Man die wêreld ingekom het nie, maar moes Hy as sondelose Kind gebore word. Wanneer jy jou verjaarsdag vier, elkeen mag op so 'n besondere dag ook daaraan dink, ek mag my verjaarsdag bly vier, want tot die wortel is my lewe in Christus verlos en geheilig. Die engele het juis hulle lied afgesluit spesifiek met die woorde...*in die mense 'n welbehae...*Watter wonder om in mense, in die Mens Jesus Christus dit van God te hoor, dit wat Hom behaag. Ere, ere aan God.

AMEN


Vrae uit Sondag 14:

1. Noem die vyf trappe van Jesus se vernedering?
2. Is Jesus se geboorte maar normaal gewees?
3. Het Jesus die menslike natuur aangeneem of het Hy van God na mens verander by sy geboorte?
4. Wat is die moederbelofte en hoe staan dit met Jesus se geboorte in verband?
5. Waarom is dit so belangrik dat Jesus ware God moes wees?
6. Waarom is dit ook so belangrik dat Jesus ware mens moes wees?
7. Het Jesus opgehou om God te wees toe Hy mens geword het?
8. Was Jesus in alles aan sy broers gelyk?
9. Wat bedoel ons as ons sê dat Jesus ook uit 'n linie van mense gebore is? Watter mense kan ons in besonder hier aan dink?
10. Watter dwaling is die van die Docetisme en die Gnostiek?
11. Watter dwaling is by die modernisme teenwoordig?
12. Hoe is Jesaja 43 in besonder op Sondag 14 van toepassing?

13. Wat bedoel die Kategismus met die woorde dat ek voor God bedek is?  
 14. Het dit enigiets met jou verjaarsdag te doen?

**SONDAG 14**

**35. Wat beteken: ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria?**



**36. Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?**

